# HEBREËRS 10:26 - 31

## TEMA: OPSETLIKE SONDE EN DIE RESULTAAT

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,**

**Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.**

**Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;**

**Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?**

**Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.**

**Heb 10:31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.**

-o0o-

### 1. ONDERLINGE BYEENKOMS

Ons gaan kyk nou wat die Bybel sê rondom die onderlinge byeenkoms. Die Bybel sê dat as ons bymekaar kom, het een persoon 'n lied, een 'n psalm en ander persoon iets anders. So word ons dan opgebou tot dienswerk van die heiliges.

> **Heb 10:25** en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.
>
> **1 Kor 14:26** Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.

- Ons is mekaar se boustene.
    - Dit is waar die gawes van God se Gees, wat in die liggaam is, mekaar kan bou.

Die gawe in my, bou iemand anders en die gawe in daardie persoon, bou weer vir my. So bou ons mekaar en so is ons boustene in Sy tempel, sodat ons kan uitgaan om die dienswerk van die heiliges te kan verrig. Dit is waarvoor die samekoms van die heiliges is. Jy is nie 'n een-man vertoning nie. Jy kan nie alleen regkom nie. Daar is baie, wat ek "lone rangers" noem, wat dink hulle kan alleen regkom. Nee, ons het mekaar nodig.

- Ons het ons broers en susters nodig!
- Ons het die liggaam van Christus Jesus nodig.

Geen lidmaat kan ooit bestaan sonder die konneksie in die liggaam van Christus nie. Of dit nou deur media is soos in hierdie geval, in gebede, 'n groep of kerk situasie, of enige ander manier, dit maak nie saak nie. Daar waar ons saam is as die heiliges, daar word die geleentheid gegee vir die Heilige Gees om te beweeg en om te bedien deur die gawes.

-o0o-

## 2. OPSETLIK SONDIG

**Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,**

Hierdie is 'n baie harde stelling. Julle moet nou baie mooi verstaan dat ons voorheen **<u>in</u>** die vloek was. God die Vader, het Sy soewereine prys van <u>buitekant</u> die vloek, na ons toe gestuur. (Verwys na vorige lesing: Heb 10:1-13) Dit is gedoen sodat Hy die vloek kon absorbeer en ons kon rein word. Dit is 'n baie groot prys wat betaal is. As ons opsetlik sondig, terwyl ons voor ons heilige siel weet 'n ding is verkeerd, bly daar geen offer vir die sondes oor nie. Ek praat nie van menslike swakheid nie. Ons is nog altyd mense; ons is nog altyd vlees; ons is nog altyd in die wêreld en gaan struikel en val.

**Nadat ons *die kennis van die waarheid ontvang het***

- dat ons in die Verbond staan,
- ons hierdie goed gelees en luister het,
- die liefde van God aan ons geopenbaar is,

en ons gaan en sondig opsetlik, bly daar geen offer vir die sondes oor nie.

- Al hierdie liefde, al hierdie goedheid, alles wat in hierdie offer verborge was en geïmplementeer is deur die Vader vir ons, gooi ons dan terug in Sy gesig!

Ons sê dan dat ons nie meer Sy liefde en Sy offer wil hê nie. Ons kies om maar weer anderkant toe te gaan. Ons kies om maar weer vir satan te dien. Ons aanvaar eerder die sonde. Ons aanvaar eerder die vloek. Die vloek is vir ons beter as die loskoop van die vloek. Die vloek is vir ons beter as die vrymaking en satan se werke is vir ons beter. Ons vertrou satan dan meer as wat ons die Godheid vertrou.

## 3. DIE RESULTAAT

**Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.**

Luister baie mooi wat sê hy. Hierdie ding wat mense sê "Ag nee, die Here sal verstaan". Mense, ons moet begin heilig lewe. Hierdie praktyk om met God se liefde te speel, is verby. Dit is nie "Russian Roulette" nie. Ek sê dit hoeveel keer oor en oor. Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Heb 12:14). Ja, jy het swakhede, jy het tekortkominge en jy gaan struikel en val, maar die Here is jou genadig. Christus Jesus tree daarvoor in.

- As jy opsetlik sondig, nadat jy geweet het 'n sonde is verkeerd, soek jy moeilikheid!

**Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;**

**Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?**

Jy sien, daar sê hy dit. Aan die mensdom word 'n verdraaide evangelie verkondig. Godsdienstige leiers verdraai die evangelie en maak dat God jou net altyd sal vergewe. Die Bybel stel dit duidelik dat as jy opsetlik sondig, jy nie weer vergewe sal word nie. Jy sal dan die oordele van God ontvang, so seker as wat jy lewe, want jy het die Seun van God verwerp. Jy het Sy liefde verwerp.

-o0o-

Lees weer vers 29

Heb. 10: 29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

***waardeur hy,*** *die persoon,* ***geheilig is***

**Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.**

## 4. AFVALLIGE LEEFSTYL

Dan sê hy hierdie verskriklike woorde:

**Heb 10:31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.**

Kom ons oordink hierdie gedagte:

- Hoe staan my saak met die Here?
- Hoe staan my saak regtig met die lewende God?
- Probeer ek regtig van my kant af?
- Doen ek alles in my vermoë om hierdie evangelie, hierdie verbond, volkome uit te lewe, of is daar nog opsetlike sondes?

Dikwels verkeer mense onder die indruk, die Here is onderdanig aan hulle. Hy moet maar net bontstaan vir hulle afvalligheid en dit verskoon. Sy bloed is vir ons gestort en mense dink dat hulle daarmee kan maak soos wat hulle wil - nes 'n speelbal wat rondgegooi word. Dit is hoe baie kinders van die Here lewe, insluitend geestelike leiers. Hulle hoer en rumoer en gaan tekere. Hulle gee nie om nie en het geen respek vir die Lewende Evangelie, waarvoor Christus kom sterf het nie. Ons moet hierdie goed baie mooi verstaan. Dit is hoerery, 'n gerook, gedrinkery, gevloek en losbandigheid in die lewe.

- Dit is waarom die Bybel sê dat vriendskap met die wêreld, vyandskap met God is.

  Jakobus 4:4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

Net jy sal nou, op hierdie stadium van jou lewe, weet of jy regtig 'n soewereine, Heilige Gees geleide, bloed gewaste, lewe lei. Kan die mensdom daar buite elke dag Christus Jesus se liefde vir hulle in jou lewe sien?

## 5. STEL 'N VOORBEELD

Ek het al voorheen gepraat oor die onderwerp van beloftes maak en dit nie nakom nie. Kan mense werklik op jou beloftes staat maak? Jy stel 'n voorbeeld en daardeur is die vraag: Hoe kan mense op Christus staatmaak terwyl jy jou beloftes met hulle nie nakom nie? Wat dink die wêreld van Christus? Watter beeld van Christus Jesus dra ons uit? Getuig die beeld wat ons uitdra dat Jesus Christus vergewe, en is skoon en heilig? Hoe sien die wêreld Christus in my en jou lewe?

As ons nie die spieëlbeeld van Jesus Christus uitdra, soos wat Hy van die Vader is nie, dan het ons moeilikheid. Die boodskap en daardie saad van "Dit is my geliefde seun" is wat ons verteenwoordig.

- Ek moet die spieëlbeeld van Christus vir hierdie wêreld wees, anders is ek 'n valse getuie.

-o0o-

## 6. LEEF IN DIE VERBOND

Kan julle verstaan hoe ernstig is hierdie saak, mense? Daarom dring ek so aan en leer die geestelike leiers dat hulle vir hul mense die Verbond moet verduidelik. Jy kan nie halfpad in 'n Verbond staan nie.

- Jy is of in die Verbond, of buitekant die Verbond.
- Daar is net een Verbond en dit is die verbond van Christus Jesus.

As jy nie in daardie Verbond is nie, is jy onder die oordeel. Hier sê hy dit. Daardie volkome Verbond van Christus Jesus is dit wat die Vader vir ons gegee het. Dit is nie wat ek, 'n kerk, organisasie, instansie of denominasie gee nie, maar dit wat die Vader ons gee. Dit is die heilige, ware evangelie van bekeer jou, laat jou doop en jy sal die gawes van die Heilige Gees ontvang. Wees die getuies.

As jy nie daardie stappe en al die stappe wat ons nou bespreek het volg nie, is jy nou onder die oordeel. Jy staan onder die sisteem, of denominasie. Jy staan onder 'n verdraaide evangelie. Jy het oordeel op jou. Ek sê dit met die grootste liefde, want ek kan nie vandag vir enige iemand 'n verdraaide woord gee nie. Ek is hier om vir jou die ware Verbond te verduidelik. As jy nie in daardie verbond is nie, het jy moeilikheid.

### Ernstige Oproep

Ek wil vandag vir jou met trane vra, om terug te kom in die wil van God. Vergeet van denominasies en vergeet van 'n ding om jou nek. Ons is so gebreinspoel met "Ek moet kerk toe gaan". Nee mense, jy moet die Here dien. Dit is wat jy moet doen. Die samekoms van die heiliges is belangrik, maar dit is nie jou alfa en omega nie. Dit is nie die aorta nie. **Jou aorta is jou hele verhouding met God**.

Hoe staan jou verhouding met Hom? Jy kan alleenlik in 'n verhouding met Hom staan as jy in die verbond is. Buitekant die verbond is die oordeel.

- Hy het die Verbond vir jou neergelê sodat jy in die verbond kan kom, nie Hy in jou verbond nie.

Ek praat miskien hard vandag, maar dit is miskien nodig dat ons sal begin verstaan waar ons met God staan. Gaan ons dit maak? Die koms van die Here is baie naby. Waar staan ons met die Here? Is ek regtig in die plek waar God wil hê ek moet wees?

Die meeste van die kinders van die Here se lewe is nie in plek nie. Ek sien mos hoe dit gaan. Ek hoor hoe mense praat en ek sien hoe hulle lewe. Die wêreld het vir hulle so aanloklik, so pragtig en so mooi geword, dat hulle net nooit by God uitkom nie. Hulle is so onderdanig aan satan en al hierdie goed, dat hulle nooit die Here kan dien nie. Elke keer as satan 'n klip in hulle pad rol, het hulle 'n verskoning om nie die Here te dien, of om te doen wat God van hulle vra nie. Dit is nie die verbond nie mense.

### ➢ Dit kos opoffering

Soos ou Jefta moet ons onvoorwaardelik die beloftes en vervulling van God se Woord in ons lewe tot vervulling bring. (Rigters 11:30).

Al kos dit my huis en al kos dit my dogter. Ek moes ook my kinders geoffer het vir die Here. My vrou moes haar kinders vir die Here geoffer het. Ons offer nog steeds ons kinders op. Die wat my ken sal weet waarvan ek praat. Ons lewe is 'n toegewyde offer aan die Here en dit is nie altyd lekker nie. Dit is soms seer. Dit is pyn. Daar is ook maar baie ellendes en baie hartseer, maar ons moet daardeur gaan. Ons kan nie anders nie want ek moet die getuienis wees van hierdie Verbond.

Ek en my vrou is drie weke van 'n maand op die pad. Ons is nie meer jonk nie. My vrou is al amper 70 jaar. Ek is amper 60. Ons is nie meer kinders nie. Ons wil ook graag, soos ander pensionarisse,

by die huis sit en ons kleinkinders geniet. Ons sien ons kleinkinders miskien een keer 'n jaar en dan is dit vir 10 dae. Van ons kleinkinders sien ons glad nie eers meer, as gevolg van die evangelie. Ek weet wat dit is om soos Jefta sy dogter weg te gooi. Dit is die seerste ding wat daar kan wees. Wanneer ons van die huis vertrek, dan sit ons diere vir ons en kyk met sulke lang oë, want hulle weet ons gaan weg. Dit is seer om jou diere so te sien, maar jy moet gaan. Jy moet opoffer. Jou hele lewe word 'n offer.

Jy kan nie meer in die dinge van die wêreld bestaan nie. Niks kan jou skei van die liefde van God nie. Niks beteken niks! Geen belofte nie - niks. Geen klip wat satan in jou pad rol kan jou skei van die liefde van God nie.

Dit is 'n liefdesevangelie. Dit is 'n volkome evangelie. Jy moet daardie evangelie uitlewe.

Hy sê ***hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien***. Onthou, die mense in die Ou Testament het hulle met klippe dood gegooi.

-o0o-